

Die grootste komplement wat die hemel jou kan bewys is...

Weet jy wat is die heel grootste komplement wat God ooit aan jou kan bewys? Wel, dit is wanneer Hy na jou luister. Mens noem dit gebed. Die grootste komplement van die hemel aan jou is wanneer God stil is sodat Hy jou mooi kan uithoor. Om opreg met Hom te praat, is om sy aandag te trek. Altyd! Om in Jesus se Naam aan sy hemelse deure te klop, is om te weet daardie deur sal oopgemaak word. Jy sal binnegehoor word as 'n kind en 'n eregas van die Hemelse Vader. Daar is altyd plek aan God se voete vir sy kinders. Onthou, die hemel se meeluisterende stilte wanneer jy met eerbied hier aanklop is nie 'n afwesige stilte nie. Of 'n ignorerende stilte nie. Of 'n besetkode omdat God net dalk te besig is om na jou te luister nie. Nee, God se luisterende stilte is altyd 'n goedkeurende stilte. Dit is God wat stil-tevrede is met jou as een van sy geliefdes, soos wat Sefanja 3:17 so mooi hieroor skryf.

God wil jou graag uithoor. Hy wil luister na wat jy vir Hom wil sê; daarom gee Hy opreg aandag aan jou. Hy luister veral na die taal van jou hart. Hy kyk wat jou motiewe is. Jou lofroepe wanneer jy sy Naam prys gaan nie ongehoor of ongesiens verby nie. Die Heer hoor ook jou sugte, jou benoudheid, jou ernstige pleitroepe. Altyd is die Heer bereid om te luister na jou as een van sy geliefdes. Dikwels verkies Hy stilte as jy met 'n opregte hart in sy teenwoordigheid verskyn. Hy wil na jou luister. Moenie sy stilte verkeerd lees nie. Moenie dit as 'n doodse stilte verstaan nie. God het jou keer op keer aangehoor. Hy het geluister. Psalm 63 noem Hom tereg die Hoorder van gebed. Bid! Klop! Pleit! Volhard hierin. Want vir elkeen wat aan die hemelse deure aanklop in Jesus se Naam wag daar 'n verrassing- die deur sal oopgemaak word. God Self sal jou ontvang

Geskryf deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat sy Naam groot maak
- Bid vir die gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste, voorsang-groepie en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike – daar is baie egskedings
- Bid asb saam vir Eskom & sy werkers – hulle het elke gebed nodig
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & in ons land SA
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Beatri Wagner – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Alta Faurie vir genesing - sy is baie siek
- Bid asb vir Maria Steyn – bid vir volle genesing sy is ernstig siek
- Bid asb vir Suzette Fourie & dogter - haar dogter het kanker
- Bid asb vir Marlien Roetz- sy ervaar groot vrees
- Bid asb vir Anet Beckman – sy is baie siek en kry chemoterapie
- Bid asb vir Maud Kleynhans – sy het longvlies kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir tannie Hettie Wiegand – sy is ernstig siek
- Bid asb vir Judy Hein – sy het borskanker
- Bid asb vir Francois Brenkman- hy het 'n oog-operasie gehad
- Bid asb vir Margaret Beukes – sy het 'n nek-operasie gehad

Dank Gebede

- Dankie HERE vir U groot genade & my gesondheid
- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie HERE dat U, U ENIGSTE SEUN gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe, redeneer & omgee, & dankie HERE dat U altyd daar is vir my
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebed word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie my GOD dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade.** Amen!



Ek is wat
God sê ek is,
ek het wat
God sê ek het,
en ek kan doen wat
God sê ek kan doen!

Ek is tot alles in staat
deur Christus wat
my krag gee. Fil. 4:13

Die HERE my God
gee vir my krag
Hy maak my voete
soos die van 'n ribbok
op hoe plekke laat
Hy my veilig loop

So dikwels is die seerkry en swaarkry van mense nie sigbaar vir ander nie. Werk daarom sag met die mense wat jou pad kruis sodat hulle Jesus se liefde deur jou lewe kan ervaar.

Gedagte vir die week

Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,
KOLOSSENSE 3:23

Onthou om te onthou

Datum	"Topic"	Plek
01 Jul 2018	Doop	NG Kerk
03 Aug 2018	Onbeperk Musiek Konsert	Articon Skool

Heerlike pannekoek te koop na kerk...